Ons Koning en Sy Naam

G.J. du Preez 072 1876 076

Die Koning en Sy Naam

Graag wil ek eers ’n stelling maak voordat ons by ons Koning en Sy Naam kom. ’n Blinde jongman gaan elke dag na sy buurman met die naam Koos (*onderwyser*) om by hom te leer. Die blinde, as jongeling, is onkundig en moet baie leer om aan te pas tot samelewing. So het hy van jaar tot jaar gedoen. Eendag toe hy weer na oom Koos gegaan het was hy nie meer daar nie (*min wetend was oom Koos die vorige nag oorlede*). Hy roep na die oom, maar daar is geen antwoord nie. Bewoë in sy hart gaan hy terug met die gedagte dat oom Koos nie meer met hom wil kommunikeer nie. Hy voel oom Koos het hom verwerp sonder dat hy daarvan geweet het. Toe die dag daarna aanbreek dink hy dat hy weer ’n kans moet vat om na oom Koos te gaan. Met aankoms hoor hy niks, tog roep hy met verwagting dat daar ’n stem na hom sal terugkom. Niks!
Met ’n swaarder hart as die vorige dag stap hy terug huis toe. By die huis begin verwyte. Hy dink aan al die kere toe hy rebels was teenoor oom Koos se lering of toe hy oom Koos partymaal met minagting behandel het; Ja toe hy partymaal ’n bietjie bitsig was met die mond.

Dae het verloop, maar een dag hoor hy dat daar weer lewe is in die huis hier lang hom waar oom Koos woon. Hy spring op met gemengde gevoelens en gaan sonder skroom dadelik na sy buurman toe. Hy voel dit is net reg dat hy by die oom kan uitkom en die struwelinge tussen hom en die oom kan uitsorteer. By die huis hoor hy vreemde stemme, maar dink dat dit dalk kuiergaste mag wees. Hy roep luit uit na die oom en wag ‘n oomblik. Hy hoor voetstappe in die gang wat nader kom. Dit klink vir hom vreemd, maar miskien is dit van die gaste wat die deur vir hom kom oopmaak. Die deur swaai oop en ‘n vreemde stem kom na hom met ‘n vraag, kan ek help? Hy sê: ja ek kom vir my lesse by oom Koos. Voor die vreemde kon praat of om te antwoord praat die blinde man dadelik weer, want hy is bang dat oom Koos die vreemde gestuur het om hom weg te wys. Hy noem toe dat hy ook gekom het om verskoning te vra, en dat hy graag aan wil gaan met sy klasse, as dit die oom behaag.
Die vreemde aarsel vir ‘n paar oomblikke, want hy het klaar die situasie opgesom van die blinde en die vorige eienaar van die huis. Hy begin toe met ‘n ander toon met die blinde praat, want hy weet hier gaan nou seer woorde uitgespreek word. Op die stoep staan daar ‘n paar stoele en die vreemde man vra of die blinde man nie wil sit nie. Die blinde verwonder hom oor die versoek en sê nee ek is reeds laat en die oom mag dalk teleurgesteld wees in my tydverspilling. Die vreemde weet dat hy die man die waarheid moet deurgee. Hy stel homself voor aan die blinde en gee hom toe die waarheid van oom Koos deur. Die blinde het nie ‘n woord gespreek terwyl die man hom vertel het dat oom Koos oorlede is nie. In stilte draai hy om en strompel terug na sy huis.

YAHUSHA het gekom om dissipels (leerlinge) daar te stel en ook om andere te kom onderrig. Hy was by hulle en nooit te ver vir hulle om sommer na Hom te stap nie. Inteendeel het hulle Hom eerder seergemaak en allerhande name genoem en Hom behoorlik aangeval. Soos ons weet tree die dood by ons Leermeester in. Blind was baie en is tot vandag toe oor ons Leermeester. Toe die dood intree by ons Koning en Leermeester het die blindes eers gerebelleer wat oorgegaan het om verlate te voel. Wie sal hulle nou kan help? Moet hulle nou na 'n ander een soek? Sal daar ooit 'n ander in Sy plek kan opstaan om so sagmoedig 'tog so ferm' dinge kan deurgee soos Hy ?

Terug na die hede. Dink gou saam met my die volgende. In die ou Verbond ontvang ons 'n Naam in *Ex. 6:1,2 Verder het ~~God~~ Skepper met Moses gespreek en vir hom gesê: Ek is ~~die HERE~~ YAH en Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as ~~God~~, Skepper die Almagtige, maar met My Naam ~~HERE~~ YAH het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie. Jes. 12:4-6 En julle sal in dié dag sê: Dank ~~die HERE~~ YAH, roep Sy Naam aan, maak Sy dade onder die volke bekend, verkondig dat Sy Naam hoog is! Psalmsing tot eer van ~~die HERE~~ YAH, want Hy het ~~heerlike~~ lofwaardige dinge gedoen; laat dit bekend wees op die hele aarde. Juig en jubel, o inwoners van Sion! Want die ~~Heilige~~ Reine / Afgesonderde van ~~Israel~~* Yashar'EL *is groot in julle midde. Jer. 33:2,3 So spreek ~~die HERE~~ YAH wat dit doen, ~~die HERE~~ YAH wat dit formeer om dit te bevestig, ~~HERE~~ YAH is Sy Naam: Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie*).

Nou die Naam was alom bekend by alle volke, want hulle het erken dat die Skepper en Hemelse Heerser YAH is, want toe Bíleam sê in *Num 23:8,9 Hoe sal ek vloek wie ~~Gód~~ die Skepper nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie ~~die HERE~~ YAH nie verwens nie? Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.*

Plus-minus 4030 jaar gelede was die Yashar'EL as volk onder die Naam van YAH bekend as "hulle" "~~God~~" Skepper en hemelse Heerser. Die Naam moes tog daar gebly het sodat die volk nog steeds bekend kon wees as die volk van YAH nie waar nie. Nou hoe kan 'n mens soos keiser Konstantyn (*so + - 325 jaar na YAHUSHA*) besluit dat daar nie meer Yashar'EL sal wees nie, maar Christene en dat die Naam YAH onuitspreeklik {veral deur die Jode} sal wees en nie op straat genoem sal word nie, maar eerder Zeus / "Ie-ZEUS Christos" ook dat J*sus die kleinseun van Zeus is die son god / Nimrod. Christus of Christos beteken om goed te wees en ook 'n songod soos Osiris of Griekse gode met pa Cronus, ma Rhea en seun Zeus {*Zeus god van die hemelruim, of Poseidon die god van die see, of Hades god van die onderwêreld*) Maak die gode aanbidding vir julle sin ?

Ex. 20:7 Jy mag die Naam van ~~die HERE~~ YAH jou ~~God~~ Skepper nie ydellik gebruik nie, want ~~die HERE~~ YAH sal die een wat Sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. As mens daaraan dink het die volk nie "YAH" as Naam ydellik gebruik nie, want hulle het "ander" name gebruik.

Tot bevestiging lees ons in: Ex. 23:13 En in alles wat Ek julle gesê het, moet julle jul in ag neem. En die naam van ander gode mag julle nie vermeld nie; dit mag uit jou mond nie gehoor word nie. Ex. 34:14 Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want die ~~HERE~~ VADER se Naam is Jaloers —'n jaloerse ~~God~~ Skepper is Hy. Deut. 18:20 Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in My Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. Jer. 23:27 is hulle daarop bedag om My volk My Naam te laat vergeet deur hulle drome wat hulle die een aan die ander vertel, soos hulle vaders My Naam vergeet het deur Baäl? Joh. 5:43 Ek het gekom in die Naam van My VADER, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.

Baie sal nou vra, maar die Skrif is vol van die Baal name, wat moet ons met dit doen. My vriend lees die name net reg in. Soos die vertalers die Naam van ons Koning uitgeskryf het lees dit net weer reg in. Ons koning se Naam kom oor die 4000 jaar al aan, hoekom sal ons die naam wat in die vroeë 1600 ontstaan het aanhang?
Wat ons moet besef is dat die Skrif vir meer as 3000jaar gelede al gewaarsku het in *Mal 1:11 Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is My Naam groot onder die heidene; en in elke plek word tot eer van My Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want My Naam is groot onder die heidene, sê ~~die HERE~~ YAH van die leërskare.* Nou van watter Naam word hier gepraat ? Is dit nie "YAH" nie?

Nou daardie Koning het gekom as YAH-U-SHA / YAH ons LOSSER. Die Een wat gekom het na die klomp blindes. Hy wat kom pleit het dat ons weg moet kom van die blinde leiers. *Matt. 15:14 Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.*

So aan al die J*ses aanhangers, kom uit haar uit, want dit is 'n mens geskepte naam wat aan die kerke behoort (*Ha satan werkers*). Soos jy uit die kerk gegaan het moet die J*sus naam ook uit jou gaan. Dink net by jouself, as jy moet bekeer, na wie bekeer jy? J*sus het nie bestaan nie dus kan jy nie na hom bekeer nie, maar wel na YAH / VADER. Leer tog dat die een wat die Baal naam daar gestel het en gebruik, is 'Ha satan' en sy werkers!

Kom uit die sinagoge van Ha satan na die Tempel my vriend,want YAHUSHA wag daar vir jou!

Bedink dit.